# SEMINARIUM KOÖRDINEERDER

## STELLENBOSCH

Die NG Kerk in SA (Sinode van Wes-Kaapland) het ’n **deeltydse pos (50%)** beskikbaar in Stellenbosch vir ’n ***Seminarium Koördineerder.*** Die posbekleër vervul ’n ondersteunende rol vir die PSD: Teologiese Opleiding en Navorsing t.o.v. die daaglikse funksionering van die Seminarium. Die posbekleër sal hoofsaaklik verantwoordelik wees vir die koördinering van beide residensiële en aanlyn Seminarium-geleenthede, sowel as die kommunikasie en skakeling tussen die Seminarium, studente en mentors. Die posbekleër sal bystand lewer met die bestuur van prosesse rondom studente-beurse en databasisse. Die posbekleër sal aan die Predikant in Sinodale Diens (PSD): Teologiese Opleiding en Navorsing rapporteer.

**Verantwoordelikhede**

- Roepingsonderskeiding van voornemende studente
- Begeleiding van voornemende studente om die gepaste baan van teologiese opleiding te bepaal
- Inskakeling van studente by die Seminarium-ekosisteem
- Koördinering van Seminariumprogramme (residensieel & aanlyn)
- Koördinering van mentorprogramme
- Spiritualiteitsontwikkeling (beplanning, aanbieding & koördinering van retraites)
- Algemene en pastorale versorging van studente (hantering van navrae en versoeke)
- Akkurate rekordhouding om naspeurbaarheid van rekords te verseker

**Minimum Vereistes**

- Gelegitimeerde predikant (ABR-kode A01 – A10)
- Bewese ervaring en betrokkenheid in ’n teologiese en kerklike opleiding-omgewing sal voordelig wees
- ’n Goeie begrip van die kerklike opleidingslandskap en bedieningsbane
- Kennis van die NG Kerk se struktuur
- Bewese pastorale vaardighede (veral met studente)
- Uitstekende interpersoonlike vaardighede (insluitend luistervaardighede, fasiliteringsvaardighede, konflikhantering)
- Bewese beplannings-, organisatoriese en administratiewe vaardighede
- Goeie tweetalige kommunikasievaardighede (Afrikaans en Engels)
- Goeie probleemoplossing- en besluitnemingsvaardighede asook innoverende denke
- Bewese rekord van VBO-inskakeling

**Werksure**

- 07:45 – 12:00 (Maandae tot Vrydae, fleksie-ure is van toepassing)

**Sluitingsdatum:**
10 Oktober om 12:00

**Navrae:**
Marnus Havenga (PSD: Kerklike Opleiding & Navorsing)
Kontakbesonderhede: 021 882 9923 of marnush@kaapkerk.co.za

**Aansoekproses:**
Die aansoekvorm en advertensie kan by die volgende skakel gevind word:
https://www.kaapkerkadmin.co.za/poste/
Stuur die **aansoekvorm** saam met ’n **volledige CV** aan:
Hulpbronbeampte (Elmien Theron) – ngkadmin@kaapkerk.co.za